

Sondag 24 April

Skrifgedeelte: Psalm 33:1-15

Fokusgedeelte: Psalm 33:6

God se Gees is van die begin af betrokke by sy skepping

God is met sy hele Wese betrokke by alles wat Hy doen. Die Heilige Gees was by die Vader en die Seun toe God die hemel en aarde in die begin geskep het. God se Gees het met die skepping oor die water gesweef (Gen. 1:1-2).

Psalm 33:6 en ook Psalm 104:30 vertel ons dat God se Gees aktief betrokke was by die skepping, want die hele leër van die hemele is “deur die Gees van sy mond” gemaak (1953-vertaling). Job (33:4) sluit hierby aan wanneer hy sê dat God se Gees hom gemaak het.

Die Heilige Gees is betrokke by die voortgang van God se skepping. Sonder God se Gees is daar nie lewe nie (Job 34:14-15). As Hy sy Gees en asem sou terughou, sal alles wat leef “tot niet gaan, en die mens tot stof terugkeer” (2020-vertaling).

God se Gees gee lewe, én Hy gee reeds in die Ou Testament gawes aan mense om besondere take in hulle lewens te doen. God se Gees het byvoorbeeld Besaleël vervul sodat hy wysheid, insig, kennis en die nodige vakmanskap gehad het om die tabernakel se toebehore te maak (Eks. 31: 3). God se Gees het Otniël in staat gestel om as rigter op tree (Rig. 3:10). Toe die Gees van die Here Simson in besit neem, het hy 'n leeu uitmekaar geskeur (Rig. 14:6). Met Dawid se salwing het die Gees van die Here van daardie dag af besit van hom geneem. Die Heilige Gees het ook die profete van die Ou Testament meegevoer om hulle profesieë voort te bring (2 Pet. 1:21).

God – Vader, Seun en Heilige Gees – is van die begin af met sy volle Wese betrokke by skepping en sy voortgang.

Sing: Psalm 33-1:1, 5

Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)